



*NGKAS Sentrale Kerkraad*

## NUUSBRIEF

November 2018



Gebeure in en om die kerk...

Na aanleiding van veranderde behoeftes en geleentede wat hulle voordoen, wil die Sentrale Kerkraad graag die volgende onder die gemeente se aandag bring:

- Met die bediening aan jong gesinne as een van die fokus-areas van die gemeente het die Kerkraad besluit om 'n meer funksionele Gesinslokaal binne die kerk te bou om die huidige Moederskamer te vervang. Met die verandering van die liturgiese ruimte vorm die huidige Moederskamer nie meer 'n eenheid met die kerkrumte nie. Planne vir die nuwe Gesinslokaal sal binnekort beskikbaar wees.
- Daar is besluit dat die Loftjokkers se bediening in die toekoms na die huidige Moederskamer sal skuif. Die lokaal sal ook vir ander geleentede gebruik kan word.
- Die tydelike gebou wat op die parkeerterrein was is vir 'n geruime tyd reeds net deur die Loftjokkers gebruik. Met die verskuiwing van die Loftjokkers was dit moontlik om die tydelike gebou te verkoop. Die tydelike gebou is reeds gedurende die afgelope week deur die koper verwyder.
- Die Phantomstraat pastorie gaan in 'n gemeenskapsentrum ingerig word wat gaan fokus op berading en terapie dienste. Daar gaan ook enkele meerdoelige lokale en kantore beskikbaar wees wat verhuur sal word. Die beplanning is dat daar ook later 'n koffiewinkel daar gaan wees. Die verkoop van die tydelike gebou beteken dat ons meer spasie beskikbaar gaan hê om die parkeerterreine vir die sentrum en die koffie-winkel in te rig.
- Die registrasie van Jahwe Rapha Centre NPC as publieke weldaadsorganisasie, sowel as die registrasie van Jahwe Rapha onder Artikel 18A van die Inkomstebelasting wetgewing is afgehandel. Die Kerkraad het die besluit geneem dat alle missionêre-en gemeenskapdiens aksies van NGKAS in die toekoms deur Jahwe Rapha hanteer sal word. Daar is verskeie redes hiervoor, maar hoofsaaklik om dit makliker te maak om ook ondersteuning van buite die kerkgemeenskap vir ons gemeenskapdiensaksies te kan beding.
- Die naam Jahwe Rapha beteken God Genees. Die naam was oorspronklik gekies om die aard van die dienste waarvoor Jahwe Rapha aanvanklik gestig is, naamlik beradingsdienste, te weerspieël. Met die besluit dat Jahwe Rapha nou nie net beradingsdienste, maar ook al die gemeente se gemeenskapsbetrokkenheid sal hanteer, is daar gevoel dat ons moet oorweging skenk daaraan om die naam van Jahwe Rapha te verander. Die gedagte is dat die nuwe naam, indien ons dit enigsins sou verander, die meer omvangryke dienste sal beskryf.
- Die gemeente word dus uitgenooi om voorstelle vir 'n nuwe naam vir Jahwe Rapha teen 4 Desember by die Kerkkantoor in te dien. Die nuwe naam sal aan die begin van volgende jaar aangekondig word en die persoon wat die naam wat gekies word voorstel, sal 'n bedrag van R1 000 ontvang.

SJ Swanepoel  
Voorsitter: Sentrale Kerkraad